



JAARVERSLAG AUGUSTUS 2016

Portefeuilje: Reklame & Bemarking / Jeug-Aksie / Webblad

Petro Grové

1. REKLAME & BEMARKING

1.1 PUBLIKASIES EN MEEGAANDE ADVERTENSIES

Van meet af aan was dit duidelik dat daar 'n behoefte was vir 'n amptelike Publikasie Beleid waarin die beginsels vir die seleksie van foto's wat geplaas word op die webblad, sowel as in gedrukte media duidelik en deursigtig aan lede, sowel as fotograwe uiteengesit word. Die beleid is saamgestel en beskikbaar op die *Communicator*, sowel as die webblad. Met die skep van die SA BOERPERD MEDIA YouTube kanaal, is dit ook aangepas om beeldmateriaal in te sluit.

Datums vir publikasies in gedrukte media word sowat 6 - 7 maande vooruit bepaal, daarom is dit nodig om vooruit te beplan vir skou-uitlae, ens. Publikasies wat in 2016 die lig gesien het, sal op die webblad geplaas word sodra die betrokke joernale en tydskrifte nie meer in omloop is nie. Die volgende is wel gepubliseer met spesifieke vermelding aan die hoof bydraers.

- a) SA SPORTING HORSE, June/July 2016: 46-50. **Rockethorse. A wild new way of racing.** (Barry Armitage)
- b) HQ MAGAZINE, May 2016: 10. **The Amazing Talent of the SA Boerperd.** (JEUG: Shanri Booysse: Endurance)
- c) HORSE TRADING, No. 261 – June/July 2016: 21. **The Boerperd. A breed profile.**
- d) HQ PONY MAGAZINE, Issue 75 – May 2016: 16. **The X-Factor.** (JEUG: Simoné du Plessis: Show Jumping)
- e) LANDBOU WEEKBLAD, No. 1946 – 18 Maart 2016: 58-59. **SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe 2016, Parys 2015.**
- f) NATAL WITNESS, May 2016. **SA Boerperd Regional Championships: Royal Show Grounds Pietermaritzburg.**
- g) FARMERS' WEEKLY, No. 16031 – 12 August 2016: 51-52. **The SA Boerperd National Championships, Parys 2016.**
- h) SPORTING HORSE, Issue 27 – June/July 2016: 52-58. **he SA Boerperd. The Ultimate Sporting & Pleasure Horse.**
- i) LANDBOU WEEKBLAD: **Kalender – Skoudatums.**
- j) FARMERS' WEEKLY: **Kalender – Skoudatums.**
- k) SA SPORTING HORSE: Full page SA Boerperd Breed advertisement – Oct / Nov. 2016 edition.

Enkele artikels is geplaas sonder ons medewete. Daar is met fotograwe geskakel en versoek dat hulle eers hulle artikels aan ons sal stuur voor hulle dit plaas. Dit het in die verlede gebeur dat verkeerde inligting t.o.v. perde, klasse, ruiters, ens. huis daarom in koerante / tydskrifte verskyn het, wat dan 'n verleenheid vir die ras kan word (AJV 2015: 2.1).

1.2 RADIO & TV

As reklame vir die Nasionale Kampioenskappe, is die datum van die skou op 4 omliggende radiostasies se webblad kalenders, sowel as op die lug uitgesaai. Dit sluit die volgende radio stasies in:

- OFM 94.7
- VCR906 Fm
- IFMradio 102.2
- KSFMsstereo 94.9 (Radio Koepel).

Onderhoude is gevoer en uitgesaai op OFM 94.7 in verskillende segmente (onder meer Landbousake), asook op Radio Koepel (KSFMsstereo 94.9).

Die ooreenkoms met die vervaardigers van die TV program (sien 1.3) het onder meer ingesluit dat hulle ook die Nasionale Kampioenskappe daagliks vanaf 3 weke voor die skou begin adverteer het. Die advertensie was ook beskikbaar op Facebook en YouTube en was in verskillende tydgleuwe uitgesaai.

1.3 TV PROGRAM

Tydens die Nasionale Kampioenskappe is TV opnames gemaak wat teen die einde van die jaar, of moontlik die begin van 2017 op ASTV, onder die naam FEESVOETE (HD Open View –dekodeerde) uitgesaai gaan word. Die beeldmateriaal vir die vervaardiging en redigering van 'n TV program word ± 7 maande vooruit verfilm. Met die uitsaai hiervan, bereik ons 'n mark wat moontlik nie andersins bereik sou word nie. Die kostes daaraan vebonde was minimaal. Vergunning is van ASTV ontvang om dit die program wel ook volledig op die YouTube kanaal te plaas, waar almal dit sal kan sien (Sien 1.4).

1.4 DVD VAN DIE NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

As verlengstuk van die maak van die TV program, kon die vervaardigers aan ons videograwe afstaan teen 'n lae prys om die volledige Nasionale Kampioenskappe 2016 op film vas te lê. Dit sou dan ook verseker dat ons nie alleen die kampioenskapsklasse op die TV program kon insluit nie, maar ook dele van die Jeug-Aksie, Skouspring en Dresseer. Daar

is onderhoude gevoer om kontinuïteit aan die program te verleen. Baie dankie in besonder aan Johannes Langenhoven wat hierdie projek finansieel moontlik gemaak het.

Die rou beeldmateriaal van die Nasionale Kampioenskappe beslaan 'n totaal van ± 250 Gig op 58 DVDs. Die materiaal is tans in die proses om geredigeer te word sodat ons dit op 'n haalbare aantal DVDs kan beskikbaar stel.

1.5 SOSIALE MEDIA: YouTube & FACEBOOK

In die moderne tyd is Facebook 'n vinnige en effektiewe kommunikasie- en bemarkingsmedium. Daarom is daar deurgaan op Facebook advertensies geplaas vir Streekkampioenskappe, asook die Nasionale Kampioenskappe. Baie dankie aan Riana Pretorius vir haar bydrae t.o.v. *Facebook* insette, asook kort video-clips in die verband. Die video's wat op *Facebook* verskyn het, is:

- a) THE HORSE
- b) REKLAME VIR DIE NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2016
- c) 'n NALATINGSKAP

'n SA BOERPERD MEDIA *YouTube* is kanaal geskep, waar u reeds die Skouspring klasse tydens die Nasionale Kampioenskappe kon sien. Ons dank aan Lenél Fick wat die skouspring gratis vir ons afgeneem en geredigeer het, asook die ander bydraers wat hulle toestemming daarvoor verleen het. Ons sal graag waar moontlik, gebruik maak van almal se video's wat op dieselfde basis as die foto's uitgesoek en geredigeer kan word. Beelmateriaal wat tans met toestemming op die *YouTube* Kanaal verskyn is:

- d) SHOWJUMPING, Parys: 27 Julie 2016 – 5 video clips. 50cm, 60cm, 70cm, 80cm, 90cm, 1m (Lenél Fick)
- e) FEESVOETE, Middelburg 2012 met Armand Thunder Merwe & Teejee Ferm (ASTV)
- f) FEESVOETE, Junie 2016. SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe Advertensie (ASTV)
- g) DAGBREEK LANDBOU 2013 Morgenon Landbou Akademie (KykNet)
- h) SA BOERPERD KAMPIOENSKAPPE 2010 – uittreksel. (Way Up Productions, Ian Barrie)
- i) THE HORSE (THE SA BOERPERD) (Facebook : Riana Pretorius)
- j) MUSICAL EXTRAVAGANZA, SA BOERPERD NATIONAL CHAMPIONSHIPS 2013 (Riana Pretorius).

Hou gerus die sosiale media (en *communicator*) dop om nuwe verwikkelinge op *Instagram*, *Pinterest* en *Twitter* te sien.

1.5 COMMUNICATOR: AMPTELIKE INTERNE KOMMUNIKASIE / KOSTES

Die SA BOERPERD *CORPORATE COMMUNICATOR* is op 1 Maart 2016 in gebruik geneem. Die doel van die Communicator is om lede op 'n deurlopende basis op hoogte te hou van gebeure wat hulle raak – dus'n effektiewer kommunikasiemiddel. Die gedrukte Kalender, sowel as die Nuusbrief is daardeur vervang, aangesien inligting nou onmiddellik met die druk van 'n knoppie versprei kan word. Die *COMMUNICATOR* is op rekenaar en/of selfoon beskikbaar aan telers, skou-lede, ruiters en belanghebbendes. Daar is nie 'n beperking op die aantal lede wat die program per stoet / gesin mag gebruik nie. Dit word eenvoudig van die *Google App Store* gratis geïnstalleer. Vanaf 1 Mei die *COMMUNICATOR* die amptelike kommunikasiemedium van die Genootskap. Daar is geen verskoning om nie op hoogte van sake te wees nie.

Indien alle lede die *COMMUNICATOR* effektief gebruik, is daar ± 'n 80% besparing op sms'e. algemene e-posse. Daar is tans egter slegs 131 gebruikers, d.w.s. ± 70%. 72 % van hierdie gebruikers het die *communicator* op rekenaar, sowel as selfoon beskikbaar. Met die advertensie pakkette waarmee lede/klubs/stoete kan adverteer, het die *Communicator* homself tot dusver ten volle finansieel gedra. Met die afgelope veiling tydens die SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe, is die *COMMUNICATOR* dan ook vooruit betaal vir 2017. Baie dankie aan almal wat dit moontlik gemaak het.

1.6 JOERNALE & ARGIEFMATERIAAL

Die samestelling van Joernale was nie in die verlede koste-effektief nie. Daarom is die SA Boerperd Joernale van 2001, 2004, 2008 & 2012 gratis op die webblad aan alle belangstellendes beskikbaar gestel. Ander argiefmateriaal is ook reeds gedokumenteer. Dit is egter en 'n volgehoue en lang-termyn projek. Die materiaal sal binnekort in die vorm van 'n bibliografie beskikbaar wees en belangstellendes kan dit daarvandaan aanvra. U het reeds met brokkies daarvan kennis gemaak op Facebook. Baie dankie aan almal wat bygedra het om hierdie proses op die been te bring. 'n *SA Boerperd Handleiding*, saamgestel in 2013 deur Diederik Cloete in opdrag van die Raad, is ook op die Communicator aan lede beskikbaar gestel.

1.7 ANDER

Voor die Nasionale Kampioenskappe in Parys, was daar vir die hele naweek 'n springskou in die Afri-Dome. Hierdie meevaller is as bemarkingsgeleentheid benut deur die arena reeds vooraf met die SA Boerperd baniere en kleure te

versier sodat die ras ook in die oop mark gesien kon word. Pamflette is ook beskikbaar gestel. Baie dankie aan Amanda Ludick en Shanri Booysse vir hulle harde werk en kreatiwiteit met hierdie projek.

2. WEBBLAD

Die webblad is tot 'n groot mate die internasionale vertoonvenster van die ras. Vanaf 1 April 2016 tot 18 Augustus 2016 was daar 392 511 *page hits* (i.e. wanneer mense in 'n soektog op die blad afkom, nie noodwendig daarop ingaan nie) en 72 815 *page visits* (wanneer mense in meer diepte daarna kyk) op die webblad. Alle dokumentasie, foto's en ander inligting wat op die webblad geplaas word, is daarom waar moontlik in Afrikaans en Engels beskikbaar. Daar is gepoog om alles deeglik tegnies en professioneel te versorg. Die webblad word op 'n voortdurende basis opgegradeer. Om verwarring uit te skakel, word die nuutste dokumentasie t.o.v. skouprosedures- en reëls word daar beskikbaar gestel. Die dokumentasie vir 2017 word tans hersien en die formaat opgegradeer. Advertensies vir die verkoop van perde is goedkoop en word beslis raakgesien.

- Skou-uitslae, sowel as foto-uitlae van alle Kampioenskappe geselekteer en volgens die beginsels soos uiteengesit in die **Foto Beleid** (Grové, 2016), geplaas. Die dokument is beskikbaar op die webblad.
- 'n Nuwe algemene foto gallery is geskep waar alle foto's wat deur lede ingestuur word en voldoen aan die gestelde kriteria, in aanmerking kom vir plasing – nie slegs klaswenners nie. Daar is ook voorsiening gemaak vir kuddefoto's, en kunsfoto's.

3. JEUG-AKSIE

3.1 JEUGRAAD

Vanjaar se Jeugraad het hulle uitstekend van hulle taak gekwyf en sal, met die uitsondering van die matrieks wat ons gaan verlaat, aanbly as Jeugraad vir 2017. Indien nodig, sal ons die provinsies vra om lede te hernomineer en te verkies om gapings te vervul. Die Jeugraad word vanuit hulle provinsies, deur hulle jeug-aksie en mentors genomineer en verkies, gebaseer op beskikbaarheid en getalle (Sien **Jeugbeleid** : Grové 2016). Die Jeugraad is vanaf 15 – 19 jaar oud.

Sedert 2012 kan ons sien dat daar 'n samehorighedsgevoel onder die jeug posgevat het. Vriendskapsbande is oor provinsiale grense heen gesmee. In buite-skoue, sowel as by SANESA soek en ondersteun hulle mekaar. Baie dankie aan Kristen Joubert en haar span vir hulle harde werk.

Vanjaar is daar ook 'n bemarkingsfunksie aan die Jeugraad toegeken – ons noem dit deelnemende bemarking. Dit kon reeds in Desember op *Facebook* gesien word waar almal vertel het wat 'n SA Boerperd is, asook waarom hulle kies om een te ry. Dit was dan ook die boodskap wat hulle oral moes uitdra vir die jaar 2016. 'n Verdere taak was dat hulle die kanale van kommunikasie sal stimuleer op die *Facebook* blad: SA BOERPERD JEUG AKSIE. Baie dankie aan die Jeugraad, asook hulle mentors in elke provinsie, vir hulle harde werk.

Die Jeugraad vergader soos en wanneer nodig op afgespreekte tye d.m.v. WhatsApp. Die enigste kontak vergadering het plaasgevind tydens die Nasionale Kampioenskappe. Notules word van die vergaderings gehou. Jeugraad en mentors van 2016 was soos volg:

JEUGRAAD 2015/6	PROVINSIE	MENTOR
Kristen Joubert	Hoofdogter	Petro Grové
Kyla Meintjes		
Erin Robinson		
Marnise Lambrechts	Gauteng	Linda Meintjes
Mia Joubert		
Carlé Bezuidenhout		
Franci Louwrens	Mpumalanga	Nicolene Scholtz
Shaun Willemse	&	&
Cara Klingenberg	Natal	Sally Hurst
Nielie Viljoen		
Shanri Booysse	Vrystaat	Rita Odendaal
Michelle Gouws		
Shanel Odendaal	Wes-Kaap	Lizelle Gouws

3.2 JEUG AKSIES

SANESA NASIONALE CORE LEAGUE KAMPIOENSKAPPE 2015 & 2016

Tydens die *CORE LEAGUE* afdeling van die SANESA Nasionale Kampioenskappe 2015 (Misty Meadows), het die jeug (asook Raadslede wat daar kon wees), vir die eerste keer 'n SA BOERPERD stalletjie opgerig. Daar is klere verkoop, brosjures en kontaknommers uitgedeel, asook 'n database van SA Boerperd ruiters waarvan ons nog nie geweet het nie, opgebou. Gratis geborgde ysies is aan almal wat die stalletjie besoek het, verskaf. Dit was werklik 'n oase in die hitte. 'n Besondere woord van dank aan Neil Pope wat die hele tyd daar was om die stalletjie op te pas wanneer daar niemand anders kon wees nie. N.a.v. punt 9.3.3 (AJV 2015), is daar ook geleentheid gegee aan voornemende ruiters om hulle besonderhede deur te gee vir die moontlike borgskappe of bruikleen ooreenkoms van SA Boerperde. Daar was wel 'n aantal aansoekers, maar hulle het baie spesifieke vereistes gestel. Nadat dit weer op die RV (22 Januarie 2016) bespreek is, is besluit dat dit stoet-eienaars vrystaan om die saak tussen perde-eienaar en ruiter te bedryf. Dit word reeds suksesvol deur talle stoete geïmplementeer.

Vanjaar, 6-8 Oktober 2016 stel die Jeugraad hulself dit weer ten doel om die stalletjie gedurende die *CORE LEAGUE* (Misty Meadows), te beman en bemarking onder die jeug voort te sit. Alle Jeugraadslede word betrek – of hulle nou in provinsiale spanne ry, al dan nie.

KLUB-AKSIES

Tydens die Streekkampioenskappe in Mpumalanga, Wes-Kaap asook die Nasionale Kampioenskappe het daar baie suksesvolle Jeug-aksies plaasgevind. Foto's was op *Facebook* te sien waar die Jeug lekker onder mekaar kon kuier pret maak. Baie dankie aan die mentors wat so groot bydrae tot die sukses hiervan gehad het.

NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

Tydens die Nasionale Kampioenskappe. Was daar twee Jeug-Aksies.

1. Die Jeug het in twee groepe verdeel om twee MINI MUSIKALE EKSTRAVAGANZAS (*musical curs* in 'n groep) te leer. Die meerderheid ruiters was vanuit Gauteng en daarom het Gauteng 'n groep gevorm, met die res van die provinsies 'n 2de gekombineerde groep. Vir baie van die jongmense was dit hulle eerste ervaring om op hierdie manier in 'n groep saam te ry. Baie dankie aan Riana Pretorius vir die afrigting van die aktiwiteit, asook Marnise Lambrechts en Madelyn Appelcryn (Hoefstraal Soet), wat voor die tyd reeds hard geoefen het om beide groepe te kon lei. Om almal wat wou deelneem 'n kans te gee, het sommige perde dubbel gery en ruiters is uitgeruil om dit vir almal moontlik te kon maak om deel te neem. Elke groep het slegs een kans gehad om te oefen en die Jeug het, soos gewoonlik, bewys dat daar op hulle staatgemaak kan word.
2. Die Jeugraad het ook 'n pret-aand gereël waar almal (ook die ouer jeug) bymekaar kon kom om die aand te geniet en net saam te wees. Daar is speletjies gespeel, gedans en lekker gekuier. Baie dankie aan Barend en Betha Dorfling vir hulle toesig vir die aand.

TEN SLOTTE

Baie dankie vir die vertoue in my gestel om gedurende die eerste jaar van my dienstermy op die Raad die portefeuille van Reklame & Bemarking wat toe uiteindelik ook die Jeug-Aksie en Webblad ingesluit het, te beman. Dit was vir my 'n groot leerskool en die ondersteuning van die Raadslede was oorweldigend. Om die SA Boerperd as wêreldklas ras te bemark, bly my passie en trots.



Petro Grové

RAADSLID: Reklame & Bemarking